# Mikro Graad R : Tuisonderrig Kwartaal 1: 12 Apr. - 23 Apr.

Liewe Mamma en Pappa

Op die dae wat ek by die huis bly, moet ek hersiening doen en kan Mamma of Pappa hierdie kontrolelys gebruik om seker te maak ek bly op datum. In Graad R leer ons deur te speel en bevat hierdie lys dus net die kern van wat ons in die klas vir Week 7 en 8 onder die knie moet hê. Moet asb. nie alles met my op die eerste dag by die huis voltooi nie. Hierdie werk strek oor die 5 dae wat ek tuis gaan bly vir Week 9 en 10. Dit sal ook die laaste een wees vir die kwartaal.

<table>
<tr><th colspan="3">Dag 1: Huistaal<br>Algemeen</th></tr>
<tr><th colspan="2">Opdrag</th><th>Benodighede</th></tr>
<tr><td></td><td><u>Ouditiewe beginklanke identifiseer</u><br>Die leerder hoef nog nie al die klanke te ken om woorde se beginklank ouditief te identifiseer nie. Watter klankie hoor jy eerste as Mamma/ Pappa die volgende woorde sê:<br>- son, maan, dag, nag, lig, bewolk, skemer.<br>- Watter klank hoor jy eerste as ek (leerder se naam) sê</td><td></td></tr>
<tr><td></td><td><u>Visuele voor- en agtergrond</u><br>- Gebruik enige leesboek en vra die leerder om spesifieke items uit die prent te soek en uit te wys.<br>- Enige drie prente kan bo-oor mekaar gedruk word en die leerder moet slegs een item inkleur.</td><td>Voor -en agtergrond prent indien u dit net wil uitdruk.</td></tr>
</table>

<table>
<tr><th colspan="3">Dag 2: Wiskunde<br>Algemeen</th></tr>
<tr><th colspan="2">Opdrag</th><th>Benodighede</th></tr>
<tr><td></td><td><u>CAMI oefeninge:</u><br>1. Pas vier primêre kleure (Deel 1): 2168<br>2. Pas vier primêre kleure (Deel 2): 2039<br>3. Identifiseer dieselfde prente: 2022<br>4. Identifiseer dieselfde abstrakte prente: 2023<br>5. Teken simmetrie-lyne (Deel 1): 2457</td><td>Cami bekendstelling dokument vir die instruksies</td></tr>
<tr><td></td><td><u>Alternatiewe speletjies</u><br><u>Vaslegging van getal 1 tot 3:</u><br>Speletjie 1:<br>Mamma skryf die getalle, kolkaarte en getalname van 1 tot 3 op 9 verskillende A5 grootte papiere. Versprei dit deurmekaar op die grond.<br>Mamma vra vrae:<br>• Soek getal 1 en staan op die papier vir 10 tellings op jou linker been.<br>• Soek 3 se kolkaart en loop hak-toon tot daar.<br>• Waar is 2 se getalnaam? Spring 2 voete tot daar.<br>• Kruip tot by getal 3.<br>• Loop tot by 1 se getalnaam en staan op jou regter been vir 10 tellings.<br>• Kry vir 3 se kolkaart en doen 3 ster spronge.</td><td></td></tr>
</table>

## Dag 3: Huistaal<br>Kammaland

| Opdrag | Benodighede |
|---|---|
| <u>Herien m en n - klankie</u><br>Ons het verlede week op 'n wonderlike verbeeldingsuitstappie na Kammaland toe gereis. Manie en Nettie het vir ons kom leer met watter klankie hulle naam begin. Lees weer die storie van Manie en Nettie die hasies om die leerder se geheue te verfris. | Kammaland m en n- storie |
| <u>Oefen om die m en n - klankie</u><br>• Gebruik die robotkaart om die m en n- klankie te oefen.<br>• Gooi 'n bietjie rys in 'n bakkie en skryf nou die m en n- klankie in die rys terwyl hy sê af, op,<br><u>Woordeskat</u>:<br>Vind 5 items in of rondom die huis wat met 'n m en n- klankie begin en maak 'n sinnetjie met die woordjie | Robotkaart<br>Rys/ sand/ meel ens. die opsies is eindeloos.<br>koerant/ tydskrif |

## Dag 4: Wiskunde<br>Getalbegrip

| Opdrag | Benodighede |
|---|---|
| **<u>CAMI oefeninge:</u>**<br>1. Legkaart – spotprent: 2196<br>2. Tel die getal kleure tot by drie: 2464<br>3. Pas 'n getal by die getal voorwerpe (1 tot3): 2001<br>4. Posisie 1 voor en agter die rooster: 2185<br>5. Assosieer liggaamsdele met klere of bykomstighede: 2116 | Cami bekendstelling dokument vir die instruksies |

**Alternatiewe speletjies**

**Speletjie 2**:

Mamma pak die getalname van 1 tot 3 op die tafel uit. Rol lang slangetjies met klei en bou die getalle 1 tot 3 daarmee. Sit dit by die regte getalnaam. Rol die regte hoeveelheid balletjies en sit dit ook daarby. Gaan soek speelgoed, doppies, pasta of eetgerei en pak die regte hoeveelheid by elke getal.

## Dag 5: Huistaal
## Pret met 'n doel

| Opdrag | Benodighede |
|---|---|
| | |

- Mamma skryf op 'n bladsy verskillende klankies en die leerder moet al die m klankies soek en omkring. (voorgrond- en agtergrond persepsie word ook hierdeur geoefen)

Bv.

v w s
m v t w b
n l v v g
d r

- Mamma skryf op 'n bladsy verskillende klankies en die leerder moet al die n klankies soek en omkring. (voorgrond- en agtergrond persepsie word ook hierdeur geoefen)

Bv.

v w s a
m v t b
n l v v g w
d

**Luister en Leer (groenboek): Voltooi: Week 5 en 6, bl. 10 - 13**